RAPPORT, 11 JANUARIE 2009

Supermodel van SA word glo ma

Nicola Breytenbach, Suid-Afrikaanse model wat internasionaal naam gemaak het en voorheen die regterhand van die skatryk Donald Trump was, is glo swanger. Sy en haar man, die New Yorkse sakeman mnr. Ben Steiner, is blykbaar druk besig met voorbereidings vir die groot geleentheid. Die 31-jarige Nicola wil nie oor die gerugte praat nie, maar 'n vriend van haar wat anoniem wil bly, sê sy drink deesdae nie 'n druppel nie en sy rook ook nie meer nie. "Waar sy gewoonlik drink om haar senuwees te kalmeer voordat sy 'n toespraak moet lewer, wou sy tydens haar laaste besoek aan Suid-Afrika niks daarvan weet nie. Daar is beslis 'n broodjie in die oond," sê die vriend. Nicola en haar man is verlede jaar getroud en woon in New York.